# Die bydrae en relevansie van die Ou-Testamentiese wetenskapsbeoefening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (1869-1994)

H.F. van Rooy
Departement Klassieke en Semitistiek
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**The contribution and relevance of the study of the Old Testament in the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (The Reformed Churches in South Africa) (1869-1994)**

*Since the inception of the Theological Seminary at Burgersdorp in 1869 the study of the Old Testament was part of the teaching programme in the Seminary. It was also one of the areas in which professors at the seminary, ministers and other members of these churches did postgraduate work and published books and scholarly articles. One of the first ministers of these churches who received a doctorate at the Free University of Amsterdam, was dr. P.C. Snyman, an Old Testament scholar who wrote a thesis on the prophecies of Zephaniah. This article focuses on the teaching of the Old Testament at the Seminary, theses on the Old Testament and related disciplines, and research as reflected in books and articles written by lecturers and students at the Seminary. The teaching programme at the Seminary of the Reformed Churches in South Africa (GKSA) was initially greatly influenced by developments in this regard in the Reformed Churches in the Netherlands. The theses and research of Old Testament scholarship in the GKSA reflect a conservative, reformed tradition in general.*

## 1. Inleiding

Sedert die ontstaan van die Teologiese Skool in Burgersdorp in 1869 het die Ou-Testamentiese wetenskap 'n plek gehad in die onderrig aan die Teologiese Skool. Dit was ook een van die terreine waarop daar ge-

vorderde studie en navorsing gedoen is. Een van die eerste predikante uit die Gereformeerde Kerke wat 'n doktorsgraad aan die Vrije Universiteit van Amsterdam behaal het, het dit in Ou Testament gedoen, met 'n proefskrif oor die profesie van Sefanja. Dr. P.C. Snyman, wat 'n proefskrif oor die profesie van Sefanja voltooi het, is egter binne agtien maande na die voltooiing van die proefskrif oorlede. In hierdie artikel gaan op drie sake gefokus word, naamlik die onderrig van Ou-Testamentiese vakke aan die Teologiese Skool, proefskrifte geskrywe op die terrein van die Ou Testament (met inbegrip van proefskrifte in die verwante vakgebied van Semitiese Tale wat vir die bestudering van die Ou Testament van belang is) en navorsing oor die Ou Testament soos gepubliseer in boeke en tydskrifartikels. Die studie raak teologiese professore en predikante van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, lidmate van die kerke wat aan die PU vir CHO verbonde is of was asook ander lidmate van die kerke wat elders gestudeer het en wat aan ander inrigtings verbonde is, soos Henriëtte Nel en Gerrie Snyman. Vir die beoordeling van die bydrae van Gereformeerde Ou-Testamentici is dit belangrik om 'n omvattende oorsig oor die aard van hulle bydraes te kry. Snyman (1992a en b) het in hierdie verband op belangrike sake gewys, maar hy het net op die laaste twee dekades gekonsentreer en het 'n beperkte hoeveelheid Gereformeerde Ou-Testamentici in sy studie betrek. Hierdie oorsig kan dalk die begin wees van 'n indringende en omvattende herwaardering van die bestudering van die Ou Testament in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

## 2. Die onderrig in Ou-Testamentiese vakke

Voor die oprigting van die Teologiese Skool in 1869 is die opleiding van predikante behartig deur diensdoende predikante, soos veral ds. Dirk Postma, terwyl die eksaminering deur die sinode onderneem is. In die onderrig en eksaminering het die Ou Testament van die begin af 'n plek gehad. So vermeld die stukke van die Sinode van 1866 (GKSA, 1866:10-13) die volgende vakke waarin die Ou Testament aan die orde kom: Bybelse Geskiedenis, Bybelse Geografie, Inleiding op die Bybel en die Reëls vir die Bybelse Uitlegkunde (teoreties en prakties). In die eksaminering is daar nie duidelik tussen die Ou-Testamentiese en die Nuwe-Testamentiese vakke onderskei nie.

Met die besluit om 'n Teologiese Skool op te rig in 1869 (GKSA, 1869: 22) is besluit dat die kursus so ver as moontlik moet aansluit by verwante besluite van die Christelijke Afgescheidene Gereformeerde Kerk in Neder-

land. Met die opening van die Teologiese Skool in Kampen in 1854 is die vakke vir die kursus vasgestel (vgl. Theologische Hogeschool der Gereformeerde Kerken in Nederland, 1954:28). Die Ou-Testamentiese vakke wat in die program ingesluit is, was Bybelse Geskiedenis (met Bybelse Aardrykskunde en Joodse Oudhede) en Gronde van die Bybelse Uitlegkunde. Die studieprogram te Kampen is weer in 1875 en 1882 hersien (vgl. Theologische Hogeschool der Gereformeerde Kerken in Nederland, 1954:54). Met die hersiening is die vakke in verskillende afdelings ingedeel. Onder Eksegetiese Teologie is ingesluit Joodse Oudhede, Bybelse Geografie, Hermeneutiek, Eksegese, Isagogiek (Kanoniek) en Tekskritiek. Bybelse Geskiedenis was deel van Historiese Teologie en Bybelse Teologie deel van Sistematiese Teologie (De Graaf, 1955:104). In 1875 was die Ou-Testamentiese vakke Bybelse Aardrykskunde, Bybelse Geskiedenis, Hermeneutiek, Eksegese en Bybelse Teologie, terwyl Isagogiek (Kanoniek) in 1882 bygevoeg is.

Die studie aan die Teologiese Skool in Burgersdorp is in 'n A- en B-deel verdeel. Die A-deel was die voorstudie, waarin daar onder andere aandag gegee is aan Filosofie, Grieks, Latyn en Hebreeus. Die vakke in die B-deel het die volgende ingesluit: Bybelse Geskiedenis, Bybelse Geografie, Joodse Oudheidkunde en die Gronde van die Bybelse Uitlegkunde (GKSA, 1869:22). In die besluit om die patroon van die opleiding van die Gereformeerde Kerke in Nederland te Kampen na te volg, is 'n patroon neergelê wat telkens gevolg is. Die invloed van besluite oor opleiding en teologiese ensiklopedie in Nederland het telkens neerslag gevind in die opleiding in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Die ontwikkeling van die onderrig aan die Teologiese Skool het stadig plaasgevind. Die studietyd is byvoorbeeld in 1895 verleng tot twee jaar voorstudie en drie jaar teologiese studie (vgl. Van der Vyver, 1969:59-60). Met dié reorganisasie is die Ou-Testamentiese vakke wel duidelik van die Nuwe-Testamentiese vakke geskei, maar die bestek het dieselfde gebly as wat dit van die begin af was.

In 1910 is die program aan die Teologiese Skool ingrypend verander (vgl. Van der Vyver, 1969:127-128). Van der Vyver (1969:127) oordeel dat J.D. du Toit, wat toe kurator was, hierin 'n belangrike rol gespeel het. J.D. du Toit het natuurlik aan die Vrije Universiteit van Amsterdam gestudeer en dit kan aanvaar word dat Kuyper se teologiese ensiklopedie 'n belangrike invloed op hom uitgeoefen het. Kuyper het begin om die naam Bibliologie vir die Ou- en Nuwe-Testamentiese vakke te gebruik (Kuyper,

1909:6). Hy het ook die groep in drie onderafdelings verdeel, naamlik die kanoniese, eksegetiese en pragmatiese groepe, waarvan die eerste te doen gehad het met die Bybel as boek, die tweede met die Bybel as geskrif en die derde met die Bybelse getuienis (Kuyper, 1909:20). In die kanoniese groep onderskei hy algemene en besondere kanoniek, in die eksegetiese groep tekskritiek, *philologia sacra*, hermeneutiek, eksegese en metafrase (geografie, kronologie, plante, diere en die apokriewe) en in die pragmatiese groep *archaeologia sacra, historia sacra* en *historia revelationis*.

Die verandering van die program aan die Teologiese Skool in 1910 het ingehou dat die studie tot ses jaar verleng is, met twee jaar propedeutiese opleiding en vier jaar teologiese opleiding. Die teologiese studie is in twee dele van twee jaar elk verdeel. In albei die dele het die studie van die Ou Testament 'n plek gekry. In die eerste deel is aandag gegee aan Eksegese, Hermeneutiek, Tekskritiek en Bybelse Argeologie en Geografie. Die tweede deel het Eksegese, asook Algemene en Besondere Kanoniek ingesluit. Uit die vakverdeling van die professore na die beroeping van 'n tweede professor blyk dit dat Hermeneutiek nie apart vir die twee Testamente aangebied is nie, maar gesamentlik (vgl. GKSA, 1916:72). Die invloed van Kuyper se ensiklopedie op hierdie nuwe indeling is duidelik. Een vak wat vir Kuyper belangrik was, is nie in die program ingesluit nie, naamlik *historia revelationis*, wat later as Openbaringsgeskiedenis te Potchefstroom bekend gestaan het. Hierdie patroon van aanbieding van Ou Testament het 'n geruime tyd onveranderd gebly. So blyk uit die Handelinge van die Sinode van 1939 dat prof. S. du Toit presies dieselfde Ou-Testamentiese vakke gedoseer het volgens dieselfde patroon as in 1910, terwyl Hermeneutiek deur prof. C.J.H. de Wet behartig is (GKSA, 1939:109).

Voor die Sinode van 1942 het 'n volledige uiteensetting van die kursus gedien (GKSA, 1942:100-103) waarin onder andere verantwoording oor die beginsels vir die opleiding gedoen is. Hierdie verantwoording het ingehou dat die kwaliteit eerder as die kwantiteit van die werk benadruk is en dat 'n balans gehandhaaf is tussen die opleiding van predikante en die opleiding van teoloë. Die hoofnadruk het geval op die vakke waarin dit gaan oor beginselsake. Op grond van hierdie beginsels is die vakke in drie groepe verdeel, waar die eerste groep dan meer met die beginselsake te doen gehad het en die derde met meer praktiese sake. In die eerste groep is Eksegese, Kanoniek en Hermeneutiek geplaas saam met Dogmatiek, Kerkreg en Homiletiek. In die tweede groep is onder andere Bybelse Argeologie geplaas en Tekskritiek in die derde. Die vakke het wel die-

selfde gebly as tot 1939, maar die omvang het verander. Eksegese is gedurende al vier jare aangebied, Kanoniek in die eerste drie jaar en Tekskritiek is daarby ingesluit. Bybelse Argeologie is in die eerste jaar aangebied en Hermeneutiek (Ou en Nuwe Testament steeds gesamentlik) in die tweede jaar.

’n Belangrike uitbreiding in die studie word aan die Sinode van 1949 gerapporteer (GKSA, 1949:136), naamlik dat Openbaringsgeskiedenis Ou Testament (en natuurlik ook van die Nuwe Testament) as ’n vierjarige vak tot die kursus bygevoeg is. Hiermee het die aansluiting by Kuyper se ensiklopedie, wat in 1910 begin het, ’n logiese eindpunt bereik. Hierna is die omvang van die vakke wel verander, maar die studie van die Ou Testament het basies in drie vakke saamgetrek: Eksegese, Kanoniek en Openbaringsgeskiedenis. Hierdie verdeling het saamgeval met Kuyper se driedeling in die kanoniese, eksegetiese en pragmatiese groepe. In 1961 (GKSA, 1961: 241) word vir die eerste keer vermeld dat Hermeneutiek vir die twee Testamente afsonderlik aangebied is. In 1973 is die volgende belangrike reorganisasie van die studie vermeld (GKSA, 1973:478): Bybelse Argeologie en Kultuurhistoriese Agtergrond is deel gemaak van Kanoniek, en Hermeneutiek en Eksegese is saamgevoeg. Die gevolg was dat daar net drie vakke aangebied is (Eksegese, Kanoniek en Openbaringsgeskiedenis), maar al drie vakke is verander na vierjarige vakke, sodat daar oor die vier jaar teologiese studie in totaal twaalf Ou-Testamentiese kursusse is. Dit kan vergelyk word met die drie kursusse van 1895 en die agt van 1910.

## 3. Proefskrifte oor Ou-Testamentiese onderwerpe

In hierdie afdeling gaan daar kortliks aandag gegee word aan die proefskrifte van dertien persone. Drie van hulle het aan die Vrije Universiteit van Amsterdam gepromoveer, naamlik P.C. Snyman (1913), J.H. Kroeze (1937) en E.J. Smit (1965), een aan die Universiteit van Suid-Afrika voor die selfstandigwording van die PU vir CHO, naamlik S. du Toit (1942), sewe aan die PU vir CHO, naamlik S.J du Plessis (1950), J.L. Helberg (1965), F.N. Lion-Cachet (1976), H.F. van Rooy (1977), A.N. Helberg (1979), P.J.J.S. Enslin (1979) en I.L. Bekker (1983) en twee aan UNISA, naamlik G.F. Snyman (1991) en H.W. (Henriëtte) Nel (1992). Proefskrifte van persone in die Semitiese Tale wat nie direkte raakpunte met die Ou Testament het nie, word buite rekening gelaat (soos die proefskrif van H.S. Pelser oor Rabbula). Daar word ook nie aandag gegee aan proefskrifte van persone buite die kring van die GKSA wat aan die PU vir CHO

gepromoveer het nie. Ter wille van die beperking van die lengte van hierdie artikel is dit nie moontlik om ook op meestersverhandelinge in te gaan nie. Die bespreking van die proefskrifte behoort egter voldoende te wees om aan te toon watter tipe onderwerpe aan die orde gekom het.

Daar kan in die onderwerpe van die proefskrifte sekere basiese tendense opgemerk word. Sommige van die studies het 'n sterk eksegetiese inslag, ander gee besondere aandag aan buite-Bybelse gegewens, terwyl in die jongste verlede die klem verskuif het na Openbaringsgeskiedenis.

Die proefskrifte met 'n sterk eksegetiese inslag is veral die ouer proefskrifte, soos dié van Snyman en Kroeze.

P.C. Snyman, predikant van Steynsburg, was die tweede predikant uit die kring van die GKSA wat gedoktoreer het na J.D. du Toit. Sy proefskrif (Snyman, 1913) aan die Vrije Universiteit van Amsterdam, met prof. C. van Gelderen as promotor, het gehandel oor die profesieë van Sefanja. Die proefskrif vertoon die vorm van 'n kommentaar op die boek, met 'n inleiding waarin agtergrondsvrae aan die orde gestel word, 'n langer gedeelte met detaileksegese van die boek en 'n laaste korter deel waarin die teologiese betekenis van die boek aan die orde gestel word. As aanhangsel word 'n vertaling van die boek gebied. Die bibliografie met net minder as honderd titels is nie volledig nie, aangesien verdere geraadpleegde werke in voetnote vermeld word. Die meer kritiese kommentare van daardie tyd is deurlopend geraadpleeg, soms met instemming en soms afwysend. Snyman het 'n goeie kennis van verskillende tale gehad, en maak gebruik van die Vulgaat en Septuagint vir tekskritiese en ander kommentaar. Die proefskrif toon ook aan dat hy 'n kennis van Aramees gehad het, met gebruikmaking van die Targum, asook van die Peshitta en die Syro-hexaplar. Hierdie wye kennis van Semitiese Tale is nie vreemd nie wanneer die opmerking in die inleiding van die proefskrif in gedagte gehou word. In hierdie inleiding spreek Snyman sy besondere dank uit vir die opleiding wat hy van prof. S. Postma as literariese professor aan die Teologiese Skool ontvang het. Postma was 'n briljante student, wat in 1885 die B.A.-graad met lof behaal het en met die eksamen die eerste plek in die land behaal het. Hy was 'n begaafde taalkundige, met 'n uitstekende kennis van Grieks, Latyn, Hebreeus, Aramees en Arabies en 'n besondere voorliefde vir die Semitiese Tale (Van der Vyver, 1969:56). Die dood van Postma in 1904 en Snyman in 1915, albei maar 39 jaar oud, het die GKSA in die algemeen en die Ou-Testamentiese wetenskap in die besonder van die talente van twee baie begaafde geleerdes op jeugdige ouderdom ontneem. In Snyman

se proefskrif kom sy konserwatiewe benadering in meer opsigte aan die lig. Wat die Massoretiese Teks betref, kies hy gewoonlik vir die behoud van die teks, teen kritiese voorstelle vir rekonstruksie. Rekonstruksie is vir hom onnodig as die MT wel sin maak (Snyman, 1913:116). Ook sy beredenering van die egtheid en eenheid van die boek vertoon dieselfde karakter. In ander opsigte vertoon sy standpunte ook die tekens van sy tyd, byvoorbeeld sy tipologiese hantering van die dag van die Here (Snyman, 1913:217-218) en sy siening van die profeet as digter met die opmerking dat alle ware poësie 'n strewe na 'n ideaal is (Snyman, 1913: 218). Tog is die proefskrif goed beredeneerd met inagneming van 'n wye spektrum van standpunte waaroor hy hom verantwoord.

J.H. Kroeze het geruime tyd voor sy koms na Suid-Afrika aan die Vrije Universiteit gepromoveer met 'n proefskrif oor Genesis 14 (Kroeze, 1937). Sy promotor was dieselfde prof. Van Gelderen wat P.C. Snyman se promotor was. Alhoewel hy eers later na Suid-Afrika gekom het, was sy bydrae in die ontwikkeling van Semitiese Tale as 'n selfstandige departement baie belangrik. Voor sy koms is Hebreeus deur dosente van die Teologiese Skool aangebied. Sy proefskrif getuig net soos dié van Snyman van goeie kennisname van kritiese standpunte en van die gebruikmaking van verskillende vertalings, waaronder die Samaritaanse Pentateug en die Peshitta. Hy maak ook op sinvolle wyse gebruik van argeologiese gegewens in sy argumentasie. Wat merkwaardig is, is sy hantering van 'n belangrike Ugaritiese teks wat in 1933 gepubliseer is (hoofstuk 11). Dit is die teks wat handel oor die geboorte van die mooi gode, KTU 1.23. Die ontleding van hierdie teks, so kort na sy publikasie, getuig van die breë agtergrond wat Kroeze gehad het. In sy beredenering volg Kroeze ook 'n konserwatiewe benadering, soos onder andere blyk uit sy beklemtoning en verdediging van die historisiteit van Genesis 14. Aan die ander kant blyk ook meermale by hom 'n oper benadering vir ander standpunte. 'n Voorbeeld hiervan is in sy tiende stelling (volgens die Nederlandse gebruik tot die proefskrif toegevoeg) waarin hy stel dat alle geskiedskrywing 'n konstruksie van die historikus is.

Proefskrifte waarin buite-Bybelse gegewens besondere aandag geniet, is dié van Du Toit, Smit en Van Rooy. S. du Toit, wat sedert 1936 professor aan die Teologiese Skool met opdrag Ou Testament was, het in 1939 aan die Universiteit van Suid-Afrika gepromoveer. Prof. B. Gemser was die promotor. Sy proefskrif, waarvan daar 'n verkorte weergawe in 1942 verskyn het (Du Toit, 1942), omvat 'n vergelykende studie van Bybelse en

Babilonies-Assiriese spreuke. Hierdie studie, met sy besondere aandag aan die bestudering van Bybelse gegewens teen die agtergrond van die Ou Nabye Ooste, was kenmerkend van sy benadering tot die bestudering van die Ou Testament. Wat ook kenmerkend is, is Du Toit se waardering vir die vormkritiek met sy soeke na 'n *Sitz im Leben* (Du Toit, 1942:9). Natuurlik dra die studie ook tekens van insigte wat intussen verouderd geword het, soos die gedagte dat psigiese gelykheid uit rasseverwantskap stam (Du Toit, 1942:12). Hierdie studie getuig van 'n grondige kennis van Hebreeus, Aramees en Akkadies, wat nie vreemd is as in gedagte gehou word dat Du Toit in 1930 'n M.A. in Semitiese Tale onder prof. Gemser aan die Universiteitskollege van Pretoria behaal het nie. Du Toit het die gedagte verwerp dat die Bybelse spreuke van die Babilonies-Assiriese spreuke afhanklik is, alhoewel daar duidelike ooreenkomste te bespeur is.

E.J. Smit, vroeër professor in Semitiese Tale en tot 1994 nog hoof van die Departement Bybelkunde aan die PU vir CHO, was die derde uit die geledere van die GKSA om aan die Vrije Universiteit van Amserdam te promoveer. Sy studie, met prof. W.H. Gispen as promotor, het gehandel oor die ondergang van die ryk van Juda (Smit, 1965). Soos meer van die vorige proefskrifte getuig hierdie proefskrif van 'n wye kennis van verskillende Semitiese Tale (Hebreeus, Aramees, Siries en Akkadies), terwyl die Septuagint ook deurlopend geraadpleeg is. Hy maak ruim gebruik van Aramese, Hebreeuse en Akkadiese buite-Bybelse gegewens. Die kronologie van die einde van die ryk kry besondere aandag en 'n suksesvolle poging word aangewend om die Bybelse kronologieë sowel as die Babiloniese kronologie te korreleer. Die datering van die val van Jerusalem in 586 v.C. word oortuigend gedoen. Smit was die laaste van die Gereformeerde Ou-Testamentici om in die buiteland te promoveer.

H.F. van Rooy, tans professor in Semitiese Tale en Ou Testament aan die PU vir CHO en die Teologiese Skool, het in 1977 gepromoveer met prof. E.J. Smit as promotor en prof. F.N. Lion-Cachet as hulppromotor. Sy proefskrif (Van Rooy, 1977), soos dié van Lion-Cachet, hou met die verbond verband. Hy het gekonsentreer op die struktuur van die verbond in Deuteronomium en het gelet op die verband tussen hierdie struktuur en die struktuur van die buite-Bybelse staatsverdrae. Die proefskrif getuig van 'n kennis van verskeie Semitiese Tale, waaronder Akkadies en Aramees. Hy toon aan dat die struktuur van Deuteronomium verband hou met die Hetitiese verdrae, maar dat wat baie van die formulerings betref, daar 'n aansluiting is by die formulerings van die Assiriese verdrae uit die

eerste millennium. Le Roux (1993:195, 197) toon aan dat Van Rooy die eerste Suid-Afrikaner was wat 'n struktuuranalise van een van die boeke van die Pentateug onderneem het en dat sy proefskrif die enigste poging in dié verband in Suid-Afrika gebly het.

Proefskrifte met 'n sterk openbaringshistoriese inslag is dié van J.L. Helberg, A.N. Helberg en F.N. Lion-Cachet. J.L. Helberg, tot 1993 professor in Ou Testament aan die Teologiese Skool en die PU vir CHO, het in 1965 gepromoveer met prof. S. du Toit as promotor. Sy proefskrif (Helberg, 1965) het gehandel oor die val van Jerusalem en die *dag van Jahwe*. Hy toon aan dat die val van Jerusalem 'n waterskeiding in die geskiedenis van Israel was, alhoewel dit merkwaardig is dat die val van Jerusalem nooit met die dag van Jahwe verbind word na Klaagliedere nie. Behalwe in Klaagliedere word die begrip *dag van Jahwe* eskatologies gebruik. Die finale fase van die *dag van Jahwe* is aan die koms van 'n persoon verbind. Met die koms van Jesus Christus het die dag van Jahwe op absolute wyse aangebreek. Ook Christus se wederkoms het 'n besondere band met die *dag van Jahwe*. In die proefskrif word duidelike lyne aangetref wat in die verdere werk van Helberg telkens na vore gekom het. Hierdie lyne sluit die volgende aspekte in: die beklemtoning van openbaringsgeskiedenis, die eenheid van Ou en Nuwe Testament in die persoon van Jesus Christus en die belang van die Nuwe Testament by die bestudering van die Ou Testament.

F.N. Lion-Cachet, tans nog professor in Ou Testament aan die Teologiese Skool en die PU vir CHO, het in 1976 gepromoveer met prof. J.L. Helberg as promotor. Sy proefskrif (Lion-Cachet, 1976) hou verband met die bestudering van die verbond in die Ou Testament, 'n onderwerp wat telkens in sy werk aan die orde kom. In die proefskrif het hy aandag gegee aan die kontinuïteit van die Abrahamitiese verbond in die opset van die Sinaïtiese verbond. In sy proefskrif sluit hy aan by buite-Bybelse gegewens oor verdrae in die Ou Nabye Ooste, asook wat die verbond met Abraham betref, met die *kudurru*-inskripsies. Hy toon aan dat die beloftes van die Abrahamitiese verbond bevestig word in die opset van die verbond by Sinai. Hy verwys in dié verband na die beloftes aan Abraham wat met die land, nageslag, identiteit, universaliteit en gemeenskap te doen het. Sy konklusie is dat daar eintlik net een verbond van God met die volk is en dat daar verskillende administrasies van die een verbond is.

A.N. Helberg het in 1979 gepromoveer met prof. J.L. Helberg as promotor. Sy proefskrif (Helberg, 1979) het gehandel oor die verhouding tus-

sen Jahwe se soewereine aktiwiteit en die mens se werksaamheid in die roeping en werksaamheid van die profete. Die proefskrif dra duidelik die stempel van die promotor, onder andere in die bespreking van die moontlikheid van 'n sentrum vir die Ou Testament. Sy definisie van die koninkryk van God as "God se soewereine aktiwiteit soos wat dit realiseer in die deurvoering en uitoefening van sy koningsheerskappy in persoonlike verbondsgemeenskap met die mens, in en deur die geskiedenis" (Helberg, 1979:43) is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Sy studie is 'n goeie voorbeeld van werk binne die openbaringshistoriese benadering. Tekenend hiervan is die beklemtoning van die persoonlike aard van God se heerskappy en die gerigtheid van die heerskappy op gemeenskap met die mens. So staan God se soewereine optrede nie teenoor die mens se optrede nie, maar vorm dit 'n harmoniese geheel.

Twee persone het in Semitiese Tale en een in Ou Testament gepromoveer met proefskrifte waarin onder andere van die insigte van die taalwetenskap, literatuurwetenskap en/of die vertaalkunde gebruik gemaak is. P.J.J.S. Enslin het in 1979 gepromoveer met prof. E.J. Smit as promotor en prof. J.L. Helberg as hulppromotor. Sy studie (Enslin, 1979) was 'n semasiologiese studie van die grondstam רשע in die Ou Testament. Hy het goed kennis geneem van die insigte van die moderne semantiek en het al die woorde wat in die Ou Testament met die stam verband hou, in hulle konteks ondersoek. Hy toon aan dat verskillende betekenisse in verskillende kontekste kan voorkom. In sommige gevalle hou die woord verband met 'n verhouding, byvoorbeeld die verhouding met God, en in ander gevalle word dit binne regsgedinge gebruik. In die eerste geval dui die werkwoord in die Qal byvoorbeeld op ontrou teenoor God en in die tweede om skuldig te wees voor 'n regter. Die werkwoord in die Hifil word net in verband met regsgedinge gebruik, met moontlike betekenisse 'om skuldig te handel' en 'om skuldig te verklaar'. Die woorde se betekenisse kan in twee velde voorkom, naamlik in 'n religieus-etiese konteks en in regsgedinge.

I.L. Bekker het in 1983 gepromoveer met prof. H.F. van Rooy as promotor en prof. E.J. Smit as hulppromotor. Die titel van sy proefskrif (Bekker, 1983) was: *Hebreeuse poësie, Job en Bybelvertaling*. Hy het navorsing gedoen oor die vertaling van stylfigure, toegespits op die Elihuredes in Job 32-37. Hy het die stylfigure in die betrokke gedeeltes ontleed en daarna ondersoek hoe die stylfigure in 'n aantal Bybelvertalings gehanteer is. Hy toon aan dat die vertalingsbeginsels 'n belangrike rol

speel in die hantering van stylfigure en pleit daarvoor dat daar verskillende soorte vertalings vir verskillende teikengehore behoort te wees.

G.F. Snyman, tans verbonde aan die Departement Ou Testament aan die Universiteit van Suid-Afrika, het in 1991 aan UNISA gepromoveer met prof. F.E. Deist as promotor. Sy proefskrif (Snyman, 1991b) is van besondere belang vir die gebruik van die insigte van die moderne literatuurwetenskap, in aansluiting by die resepsie-estetika soos ontwikkel by die Universiteit van Constanze. Sy proefskrif is van besondere belang vir die hermeneutiek en hy gee indringend aandag aan die oorlewering van die Ou-Testamentiese tekste binne die spesifieke gemeenskap waarin die oorlewering plaasgevind het. Sy studie maak op 'n voortreflike wyse gebruik van die vergelyking van die oorlewering van dieselfde verhaal binne verskillende tradisies, met indringende aandag aan teksresepsie. Die klem wat hy op die bestaan van tekste plaas, bring 'n verandering teweeg in die siening van die kanon en het belangrike implikasies vir die historiografie. Binne die kring van die Gereformeerde Kerke het hierdie proefskrif en die werk daarin gedoen nog nie die aandag ontvang wat dit verdien nie.

Die proefskrif van S.J. du Plessis het gehandel oor 'n onderwerp binne die Algemene Kanoniek. Hy is in 1972 oorlede en was op daardie stadium professor in Semitiese Tale aan die PU vir CHO. In 1950 het hy onder prof. S. du Toit gepromoveer as student van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir C.H.O. wat toe nog 'n kollege van die Universiteit van Suid-Afrika was. Sy proefskrif (Du Plessis, 1950) het gehandel oor Jesus en die kanon van die Ou Testament. In sy proefskrif het hy die woorde van Jesus in die Nuwe Testament as uitgangspunt geneem om vas te stel uit watter boeke en in watter vorm Jesus die Ou Testament geken het. Hy oordeel dat Jesus 'n afgeslote kanon gehad het, maar dat Hy waarskynlik 'n Aramese weergawe van die Bybel gebruik het.

H.W. (Henriëtte) Nel, vroeër verbonde aan die Departement Ou Testament van UNISA en nou dosent aan die Universiteit van Zoeloeland, het aan die Universiteit van Suid-Afrika gepromoveer in die Departement Semitistiek met 'n proefskrif in Judaica. Haar proefskrif (1991b) het gehandel oor die kronis se uitbeelding van die teokrasie in 1 en 2 Kronieke met prof. H.J. Dreyer as promotor. Sy beklemtoon die plek van Kronieke in die gemeenskap van die tyd na die terugkeer uit die ballingskap asook die belang van daardie gemeenskap in die geskiedenis van die Ou Testament. Sy toon aan hoedat die kronis die tradisies van die volk op 'n eie wyse gebruik met 'n nuwe interpretasie met die doel om dit in 'n nuwe raamwerk te plaas,

naamlik die uitbeelding van die eietydse bestel as 'n voortsetting van die teokratiese bestel wat reeds met die skepping in werking getree het. Deur die verhaal van die geskiedenis wil die kronis ook die volk waarsku om ag te slaan op die lesse van die verlede sodat die geskiedenis homself nie weer herhaal nie.

## 4. Navorsing oor die Ou Testament

Dit is onmoontlik om in 'n artikel met beperkte omvang aandag te gee aan al die publikasies van Ou-Testamentici uit die kring van die Gereformeerde Kerke. Gevolglik word 'n seleksie van boeke en artikels hanteer wat die belangrikste tendense illustreer. Van die dertien persone wat gepromoveer het en na wie se proefskrifte hierbo verwys het, het sommige na die verskyning van hulle proefskrifte niks of weinig wetenskaphke of selfs populêr-wetenskaplike publikasies die lig laat sien nie. Die persone wat wel belangrike publikasies die lig laat sien het, is Kroeze, Smit, Du Toit, J.L. Helberg, Lion-Cachet, Gerrie Snyman, Nel en Van Rooy. Publikasies wat suiwer op die terrein van die Semitiese Tale beweeg en op ander teologiese dissiplines as Ou Testament fokus, word buite rekening gelaat.

### 4.1 Hermeneutiek

Hermeneutiek kan breër of enger gedefinieer word. Volgens die enger definisie het dit bloot te doen met die formulering van reëls vir eksegese, terwyl dit volgens die breër defmisie benewens die formulering van reëls ook te doen het met die teoretiese ondersoek na die filosofiese grondslag van metodes (vgl. Le Roux, 1993:34-35). Helberg (1983b) en Lion-Cachet (1987) het werke geskryf wat handel oor die verklaring van die Ou Testament. Helberg verwys eksplisiet na grensoorskryding van die hermeneutiek wat daarop neerkom dat die hermeneutiek 'n selfstandige verklaringswyse word wat oor die eksegese en die Bybel heers (1983b:109). Lion-Cachet (1987:1) verstaan ook onder hermeneutiek die algemene teorie wat eksegese ten grondslag lê. Hy gee 'n verdere uiteensetting van die verhouding tussen eksegese en wat hy hermeneuse noem, naamlik dat eksegese die ontleding is wat 'n gedeelte se oorspronklike boodskap vir sy hoorders of lesers probeer bepaal, terwyl hermeneuse 'n opvolgaksie is waarin die boodskap van die teks na vandag oorgedra word. Hierdie hermeneuse is nie wat binne die enger of breër defmisie van hermeneutiek verstaan word nie. Wanneer dit gaan oor wat normaalweg onder hermeneutiek verstaan word, is dit duidelik dat Helberg en Lion-Cachet by die

enger definisie van hermeneutiek aansluit en afwysend staan teenoor die breër definisie.

Lion-Cachet (1987:2) dui aan dat daar drie sake is wat in die eksegese aan die orde moet kom: taal (vorm, struktuur, styl, semantiek), agtergrond (skrywer, geskrif, historiese omstandighede) en teologie of openbaringsbetekenis. Sowel Helberg as Lion-Cachet gee aandag aan die sake wat deur die historiese kritiek na vore gebring is, maar staan oorwegend afwysend teenoor die historiese metodes. Hiermee is dit duidelik dat hulle binne die breër gereformeerde tradisie staan, 'n tradisie wat in Suid-Afrika goed gevestig was (en steeds is), maar wat in die woorde van Le Roux (1993:26) die *Aufklärung* gemis het. In die werk van Helberg word die belangrike saak beklemtoon dat die Ou Testament as Ou Testament gelees moet word (Helberg, 1983b:65). Hierdie benadering hou in dat die Ou Testament in die eerste plek self aan die woord moet kom, met inagneming van die oorspronklike konteks, sodat Nuwe-Testamentiese gedagtes nie daarin ingelees word nie (Helberg, 1983b:98). Met hierdie standpunt word 'n korrektief gebring op die messianisering van die Ou Testament, wat in gereformeerde kringe meermale na vore kom en wat ook deur die 1933/53-Vertaling van die Bybel in Afrikaans gereflekteer word. Sowel Helberg (1983b:59:76) as Lion-Cachet (1987:87-89) beklemtoon dat eksegese met die openbaringshistoriese opset van die Ou Testament moet rekening hou. Helberg (1983b:60) wil sterker met een lyn rekening hou, in aansluiting by sy siening van die koninkryk van God, terwyl Lion-Cachet (1987:87) meer skepties staan teenoor die gedagte van net een sentrale openbaringslyn. Sowel Helberg as Lion-Cachet staan dus stewig binne die gereformeerde tradisie, met min aandag aan die historiese metodes en 'n beklemtoning van 'n openbaringshistoriese raamwerk vir die eksegese.

In die werk van Van Rooy kom daar voorbeelde voor van artikels wat nie net met die tradisonele gereformeerde benadering van grammaties-historiese eksegese werk nie, maar wat kennis neem van sowel historiese metodes as sosiologiese metodes. Hy het in verskillende artikels aansluiting gevind by die werk van Overholt waarin die sosiale konteks van 'n profeet 'n belangrike rol gespeel het. Hy het aandag gegee aan die wisselwerking tussen 'n profeet en sy gehoor in die boeke van Esegiël (Van Rooy, 1994c) en Haggai (Van Rooy, 1988b). In aansluiting hierby het 'n belangrike artikel van hom in 1994 (Van Rooy, 1994b) verskyn, waarin aandag gegee is aan die rol van profete in die Persiese periode, soos wat dit uit Kronieke afgelei kan word. Daaruit blyk dat die rol van die profete

begin verminder het, maar dat in Kronieke die profete aangewend word as gesaghebbende figure uit die verlede – figure wie se stemme 'n boodskap het vir die nuwe rigting wat die volk moes inslaan (vgl. ook Van Rooy, 1992). In sy studie oor Esegiël se profesieë teen Egipte het hy aandag gegee aan redaksie-historiese aangeleenthede (Van Rooy, 1990) en in sy studie oor die name Israel, Efraim en Jakob in Hosea aan tradisie-historiese sake (Van Rooy, 1993a).

Snyman (1991b) het in sy proefskrif aandag gegee aan sake wat vir die hermeneutiek van besondere belang is. In sommige van sy artikels kom hierdie sake ook aan die orde. Reeds in 1990 het hy aandag gegee aan sake wat in sy proefskrif breër uitgewerk is (Snyman, 1990). Iets wat hierin op 'n wyse beklemtoon word wat eie is aan sy benadering, is die klem op die rol van die leser en die belang van die leser vir die leser en die hele leesproses. In sy artikel oor 2 Konings 6:24-7:20 het hy gepoog om hierdie benadering van hom wyer in die kring van die Gereformeerde Kerke bekend te stel (Snyman, 1991a). Hy wys daarop dat die klem op die openbaringshistoriese benadering inhou dat die artistieke skoonheid van die teks misgekyk word. In sy benadering speel die artistieke 'n belangrike rol en word die plek van die leser sodoende sterker op die voorgrond gestel. Snyman volg dus 'n ander weg as wat tradisioneel by Gereformeerdes die geval was. Dit is belangrik dat van hierdie stem goed kennis geneem word, juis omdat hy goed op hoogte is van hierdie besondere benadering wat vandag in baie kringe gewild is. Rekenskap hieroor kan sommige van die ander persone wat aktief op die terrein van die Ou-Testamentiese wetenskap besig is, dwing om weer goed te besin oor hulle eie vertrekpunte en benaderings. Iets van hierdie belangrike gesprek oor die hermeneutiek kom na vore in twee artikels van Snyman wat in 1992 in *In die Skriflig* gepubliseer is (Snyman, 1992a en b). Die feit dat die artikels juis in hierdie tydskrif gepubliseer is, spreek van Snyman se begeerte om in die kring van die Gereformeerde kerke 'n gesprek aan die gang te sit. Hy spreek skerp kritiek uit teen die benadering wat in die Gereformeerde Kerke gevolg word en wys tereg (Snyman, 1992b) op die gebrek aan kenteoretiese besinning en die gevolglike onderskatte besef van die invloed van die geleerde se denkraamwerk op sy benadering en sy resultate. Tog vertoon hierdie artikel eensydig omdat die meerderheid van die persone wat aan die Teologiese Skool werksaam was, in die artikel glad nie aan die orde kom nie. Of dit so eenvoudig is as om bloot van 'n stryd tussen kritiese en naïewe realisme te praat (Snyman, 1992a:365), is ook 'n vraag. Wat die artikels van Snyman egter aantoon, is dat dit belangrik is dat die

gesprek oor hierdie en verwante sake meer indringend aan die orde sal moet kom as wat in die verlede die geval was – met die gepaardgaande gevaar dat diegene wat nie meer bloot op die ou manier ou vrae wil vra en ou antwoorde wil gee nie, maklik van dwaling beskuldig kan word deur diegene wat bloot ongestoord op die ou paaie wil voortgaan. Die enger en breër siening van hermeneutiek is hier beslis ter sake en sommige van die vrae wat Snyman op die tafel geplaas het, kan ontstellend wees vir diegene wat aan die enger siening wil vashou. Die breër siening is egter die gangbare in die hedendaagse beoefening van die Ou-Testamentiese wetenskap in Suid-Afrika en diegene wat nog aan die enger siening wil vashou, het minstens die verantwoordelikheid om hulle beter daaroor te verantwoord, sonder om die probleme te ignoreer waarvoor die breër siening hulle geplaas het.

## 4.2 Openbaringshistoriese studies

In die uiteensetting van die ontwikkeling van die onderrig in die Ou-Testamentiese vakke is daarop gewys dat die vak Openbaringsgeskiedenis eers teen die laat veertigerjare in die leerplan ingevoeg is – gedurende die tyd dat prof. S. du Toit verantwoordelik was vir die onderrig in Ou Testament. Sy werk oor die openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament, waarvan die vierde druk in 1969 verskyn het (Du Toit, 1969), was ook die eerste omvangryke werk op hierdie terrein uit Gereformeerde kring. Hy aanvaar in aansluiting by John Bright dat daar met die interpretasie van die Ou Testament by die Ou Testament begin moet word en langs openbaringshistoriese weg na die Nuwe Testament beweeg moet word (Du Toit, 1969:24-25). Openbaringsgeskiedenis het met die feite van die Ou Testament te doen, maar dan net in soverre as wat die feite nodig is om die gang van die openbaring te volg. Openbaringsgeskiedenis berus op eksegese (Du Toit, 1969:44). Wat die metode betref, onderskei hy tussen 'n horisontale en tematiese benadering (Du Toit, 1969:46). In die eerste benadering word die historiese of kronologiese lyn deur die Ou Testament gevolg, terwyl die tweede sistematies na sekere temas kyk. Hy gebruik albei metodes in sy boek. Du Toit aanvaar dat daar 'n sentrale lyn deur die Ou Testament loop, naamlik die koninkryk van God (Du Toit, 1969:48-50). Nadat hy die lyn van die koninkryk deur die Ou Testament gevolg het, gee hy aandag aan temas soos die roeping en verkiesing van Israel, die mens en die etiek van die Ou Testament.

Nadat die vak wat elders bekend staan as Teologie van die Ou Testament na die werk van mense soos Von Rad en Eichrodt nuwe stimulus ontvang het, het Du Toit grondliggende werk gedoen om hierdie vak in die onderrig te inkorporeer en om 'n eerste belangrike boek hieroor te publiseer. Hierna het die belangstelling in die vak uitgebrei en het ook die eerste van die doktorsgraadstudente oor 'n openbaringshistoriese onderwerp gepromoveer (J.L. Helberg). In die latere ontwikkeling van die vak het Helberg 'n belangrike plek ingeneem, veral ook omdat die onderrig van Openbaringsgeskiedenis as vak van 1971-1993 sy verantwoordelikheid was.

Helberg het reeds vroeg ernstig besin oor die uitgangspunt en metode wat in die openbaringsgeskiedenis gevolg moet word. Hy het reeds in 1976 gewys op die onsekerheid ten opsigte van onderwerp, uitgangspunt en metode van die Ou-Testamentiese teologie (Helberg, 1976:16). Dit is vir hom 'n vraag of die probleem nie deels op inhoudelike vlak lê nie, naamlik dat daar te min rekening gehou word met die transendente Goddelike openbaring in die Ou Testament (Helberg, 1976:18). Hy wil ook vashou aan 'n sentrale lyn, die koninkryk van God, in aansluiting by Du Toit (1976:20). Vir Helberg moet die hermeneutiese uitgangspunt aan die Skrif self ontleen word (Helberg, 1976:20) en hiervoor is Matteus 22:32 veral belangrik. Hierdie teksvers bied vir hom die sleutel vir die openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. In aansluiting hierby definieer hy die koninkryk van God soos volg (Helberg, 1983a:4): "God heers heilig en lewewekkend oor alle dinge en Hy beoefen persoonlike gemeenskap, en wel verbondsgemeenskap, met die mens". Helberg volg konsekwent 'n historiese lyn deur die Ou Testament en volg die lyn van die koninkryk van God van die skepping tot by die einde van die Ou-Testamentiese geskiedenis. Hy gee wel afsonderlik aandag aan die digterlike en profetiese boeke. Hy volg 'n sinchroniese benadering deurdat die opeenvolging soos dit in die Ou Testament self aan die orde kom, die volgorde van behandeling bepaal en gee nie aandag aan tradisie-historiese aspekte nie. Dieselfde openbaringshistoriese benadering kom na vore in sy boeke oor onder andere die Psalms (Helberg, 1981), Klaagliedere (Helberg, 1984) en die belang van die land in die Ou Testament (Helberg, 1990). Helberg het ook aandag gegee aan die implikasies van Ou-Testamentiese gegewens vir die samelewing van vandag, soos byvoorbeeld sy besinning oor die lig wat die Ou Testament werp op die belangrike saak van die owerheid se taak ten opsigte van die godsdiens (Helberg, 1993). Dit kan sonder vrees vir teëspraak gestel word dat die openbaringshistoriese benadering in baie opsigte kenmerkend was van die benadering van die meerderheid Gerefor-

meerde Ou-Testamentici, al is daar ook kritiese stemme – soos dié van Gerrie Snyman – gehoor. Of daar genoeg besin is tussen wat die werklike verskil tussen Openbaringsgeskiedenis as vak en Teologie van die Ou Testament is, is te betwyfel. Die sinchroniese benadering wat gevolg word, hou die gevaar in van 'n a-historiese lees van die teks – 'n leesstrategie waarin die ontwikkeling van en in die Ou Testament (tradisie-histories en redaksie-histories) geïgnoreer kan word. Openbaringsgeskiedenis wil wel met die geskiedenis rekening hou en dit is een van die groot winspunte van hierdie benadering.

## 4.3 Eksegetiese studies

Daar het heelwat studies verskyn wat aandag gegee het aan besondere eksegetiese kwessies. Helberg (1994a) se kommentaar op Daniël is 'n voorbeeld van 'n deeglike stuk eksegetiese navorsing, met inagneming van moderne standpunte oor die boek. Lion-Cachet het hom in sy navorsing in die besonder op die Pentateug toegespits. Sy studie oor die begronding van geregtigheid in die Pentateug werp lig op die belangrike saak van menseregte (Lion-Cachet, 1994). Van Rooy (1988a) het die vraag bespreek of Deuteronomium 28:69 'n opskrif vir die daaropvolgende gedeelte is en of dit nie eerder beskou moet word as die afsluiting van die gedeelte van Deuteronomium wat met die verbond in die besonder te doen het nie. Die algemene standpunt is dat dit 'n opskrif is, maar Van Rooy argumenteer dat dit eerder beskou moet word as die afsluiting van die gedeelte wat van die begin van die boek af strek.

Kroeze het 'n besondere bydrae gelewer tot die bestudering van die wysheidsmateriaal in die Ou Testament. Sy groot kommentaar op Job (Kroeze, 1961a) is steeds 'n gesaghebbende werk en kan beskou word as 'n uitstekende voorbeeld van gereformeerde wetenskap, met 'n verwerping van die kritiese wetenskap, besondere aandag aan die teks, die openbaringshistoriese boodskap en die status van die teks as God se Woord (vgl. Le Roux, 1993:343). Hy het ook sy studie oor die wysheidsliteratuur op 'n populêre wyse aangebied in werke wat gerig is op gewone kerkmense (vgl. Kroeze 1953, 1975 en 1978). In sy werk het hy nie gehuiwer om moeilike vrae te vra en aan te pak nie. So sê hy byvoorbeeld dat Genesis 1 God se woord is, maar dat dit moeilik is om vas te stel hoe dit God se Woord is (Kroeze, 1962:30). Genesis 1 is verkondiging (Kroeze, 1962: 34). Dieselfde benadering as in sy kommentaar op Job kan ook gesien word in sy kommentaar op Josua (Kroeze, 1968): hy is afwysend teenoor

die hipotetiese oplossings van die historiese kritiek (Kroeze, 1968:12), maar hy huiwer nie om op probleme – oneffenhede noem hy dit – in die teks te wys nie. Hierdie oneffenhede kan die volgende insluit: herhalings, invoegings wat die verhaaltrant onderbreek en selfs teenstrydighede in die teks (Kroeze, 1968:13-15). Uit hierdie sake maak hy afleidings oor die wyse van die samestelling van die boek (Kroeze, 1968:16). Ten spyte hiervan het ons steeds geskiedenis in die boek en in die voortgang van die geskiedenis gee God self sy heilsopenbaring (Kroeze, 1968:24).

Henriëtte Nel het verskeie artikels die lig laat sien waarin sy voortgebou het op die werk van haar proefskrif oor Kronieke. In haar artikels toon sy steeds die eie benadering wat die kronis volg: dit bepaal sy siening van Dawid (Nel,1991a), God (Nel, 1992) en die Dawidiese verbond (Nel, 1994). Deur haar werk oor Kronieke het sy 'n besondere bydrae gelewer om een van die mees verwaarloosde gedeeltes van die Ou Testament weer onder die aandag te bring.

Die eksegetiese arbeid staan oorwegend in die reformatoriese tradisie van grammaties-historiese eksegese. Alhoewel daar gewoonlik kennis geneem is van die resultate van histories-kritiese navorsing, was die tendens veral by diegene wat te Potchefstroom werksaam was of is om nie self met die historiese metodes te werk nie.

## 4.4 Besondere Kanoniek

Verskeie werke oor die Besondere kanoniek van die Ou Testament het uit die pen van Lion-Cachet verskyn (onder andere Lion-Cachet, 1989b, 1990 en 1993). Vir hom bly dit ’n belangrike uitgangspunt dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is wat letterlik geïnterpreteer moet word (Lion-Cachet, 1989b:1). Daar moet egter ook daarmee rekening gehou word dat die Bybel openbaringsgeskiedenis bevat (Lion-Cachet, 1989b:1). Hierdie uitgangspunt hou in dat die dinge plaasgevind het soos dit beskrywe is, alhoewel skrywers nie altyd so belanggestel het in die wyse waarop die dinge gebeur het nie (Lion-Cachet, 1989b:2). Lion-Cachet wil eerder konsentreer op die tyd waarin die openbaring plaasgevind het as op die tye waarin die geskrifte finaal ontstaan het (Lion-Cachet, 1989b:3). Sy standpunt oor die ontstaan van die verskillende boeke van die Bybel is konserwatief, alhoewel hy daarmee rekening hou dat die boeke ’n ontstaangeskiedenis deurgemaak het. So oordeel hy dat ’n groot gedeelte van die Pentateug in die tyd van Dawid en Salomo voltooi is (Lion-Cachet, 1990:57) en dat Jesaja die hele boek wat sy naam dra, geskryf het,

alhoewel daar 'n latere redaksie kon gewees het (Lion-Cachet, 1993:40-41). In sy benadering werk Lion-Cachet oorwegend sinchronies, met besondere aandag aan die struktuur en openbaringsinhoud van die verskillende boeke van die Ou Testament.

## 4.5 Die teks van die Ou Testament

Oor die teks van die Ou Testament het daar min publikasies verskyn. Van Rooy (1993a en c) het wel aandag gegee aan die teks van sekere Psalms, veral apokriewe Psalms, in die Peshitta en ook in die tekste van Qumran.

## 4.6 Kultuurhistoriese agtergrond

Uit die ontwikkeling van die onderrig van die Ou-Testamentiese vakke was dit duidelik dat agtergrondstudie 'n belangrike plek in die onderrig ingeneem het. Daarom is dit nie verbasend dat dinge wat met die wêreld van die Ou Testament verband hou, ook besondere aandag ontvang het nie, soos ook blyk uit verskeie van die proefskrifte waarna verwys is. Daar is egter een werk wat in dié verband 'n besondere plek inneem, naamlik prof. S. du Toit se omvangryke werk oor die Ou Testament en die Ou Nabye Ooste (Du Toit, 1971). In hierdie werk gee hy 'n omvattende oorsig oor die betekenis van die geskiedenis en kultuur van die Ou Nabye Ooste vir die Ou Testament, met besondere aandag aan belangrike resultate van opgrawings. Telkens probeer hy ook om vergelykings te tref en om die belang van die gegewens vir die verstaan van die Ou Testament aan te toon. Die werk toon 'n indringende kennis van tersaaklike literatuur, met miskien die vernaamste probleem dat die literatuur so aan die orde gestel word dat Du Toit se eie stem min gehoor word.

Benewens hierdie belangrike boek het daar verskeie artikels verskyn wat te doen het met die agtergrond van die Ou Testament. Van Rooy het reeds in sy proefskrif aandag gegee aan die buite-Bybelse staatsverdrae as agtergrond vir die struktuur van die verbond in die Ou Testament. Hy het later besondere aandag gegee aan die struktuur van die Aramese verdrae van Sefire (Van Rooy, 1989b). Smit het aandag gegee aan verskillende dokumente uit die Ou Nabye Ooste wat belangrike historiese gegewens bied – gegewens wat lig werp op sekere historiese sake in die Ou Testament (bv. Smit, 1990).

## 4.7 Bybelvertaling

Ten opsigte van die 1993/53- en 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans het persone uit die Gereformeerde Kerke 'n bydrae gelewer in die vertaling van die Ou Testament. Met die eerste vertaling was dit veral J.D. du Toit en by die tweede J.L. Helberg. Met die hersiening van die 1933-vertaling en in die beginperiode van die 1983-vertaling het prof. S. du Toit ook 'n rol gespeel (vgl. Smit, 1986 vir 'n evaluering van hierdie persone se bydrae). Besinning oor vertaling het ook nie uitgebly nie, soos onder andere gesien kan word in die proefskrif van Bekker (1983), waarna reeds verwys is. In 'n publikasie wat in 1986 onder redaksie van J.J. van der Walt verskyn het, is besin oor die vertaalproses as sodanig (Swanepoel, 1986a en b), oor vertaaltegnieke in die besonder (Postma, 1986, Jordaan, 1986) en benewens ander sake, ook oor verskillende sake wat met die vertaling van die Ou Testament te doen het (Van Rooy, 1986a en b; Bekker, 1986; Lion-Cachet, 1986; en Helberg, 1986). Die oordeel oor die Nuwe Vertaling is oorwegend gunstig, alhoewel daar ook sekere punte van kritiek geopper is, soos onder andere oor die vertaling van die digterlike gedeeltes van die Ou Testament.

## 4.8 Die Ou Testament en prediking

Benewens die meer akademies gerigte werksaamhede is daar ook aandag gegee aan die kerklike prediking uit die Ou Testament. In 1989 is 'n hele nommer van die tydskrif *In die Skriflig* aan die onderwerp gewy. Die artikels in dié nommer het voortgespruit uit 'n Winterskool wat in 1988 deur die Departement Ou Testament aangebied is. Helberg (1989:5) stel in aansluiting by sommige van sy ander publikasies dat die prediker moet besef dat hy met die Ou Testament te doen het en dat daar in Christus 'n beslissende wending gekom het. Die prediker rig hom tot die nuwe volk van God, wat beteken dat die versoening in Christus steeds gepreek moet word. Hierdie benadering impliseer ook bekering en reformasie (Helberg, 1989:17). Die plek van die openbaringsgeskiedenis in die prediking word besonder beklemtoon (Helberg, 1989:18).

Lion-Cachet (1989a), Smit (1989b) en Van Rooy (1989a, 1991) het aandag gegee aan die prediking oor verskillende soorte stof in die Ou Testament. Lion-Cachet het aandag gegee aan die prediking oor historiese stof. Hy sluit aan by 'n sinchroniese benadering, alhoewel hy daarmee rekening wil hou dat die materiaal eers mondeling en later skriftelik oorgelewer is (Lion-Cachet, 1989a:25-26). Hy is 'n voorstander van 'n

letterlike verklaring maar die skopus van die Skrif moet steeds in gedagte gehou word (Lion-Cachet, 1989a:26). Die bedoeling van die Gees is egter nie aan om historiese gebeure presies weer te gee nie, maar om God se openbaring te gee (Lion-Cachet, 1989a:27). In die bestudering van die historiese stof is die struktuur van 'n gedeelte baie belangrik, ook as hulpmiddel om die boodskap te formuleer (Lion-Cachet, 1989a:28). Smit vestig die aandag daarop dat in die Psalms veral twee fasette van Israel se geloof aan die orde kom, naamlik die volstrekte enigheid van die Here se heerlikheid en die innige verbondenheid van die gelowige aan God (Smit, 1989b:36). Die Psalms is persoonlik en bevat iets van die menslike antwoord op God se openbaring (Smit, 1989b:37). In die prediking moet sake soos die volgende aandag kry: die formele eienskappe van die gedig, die omstandighede waarvan die gedig spreek en die openbaringsinhoud van die gedig (Smit, 1989b:44-45). Hy gee 'n beknopte uiteensetting van die Hebreeuse poësie en die eienskappe daarvan (Smit, 1989b:39-42). Van Rooy het in twee artikels (1989a, 1991) aandag gegee aan die prediking oor profetiese stof en wysheidsliteratuur. In albei word die aard van die stof verduidelik, praktiese riglyne gegee en die riglyne op enkele voorbeelde toegepas.

In 1993 het die Departement Ou Testament weer 'n Winterskool aangebied, wat gekonsentreer het op sake uit die Ou Testament wat vir die praktiese bediening van belang is. Die volgende onderwerpe het hier aan die orde gekom: "Gerigte bediening" (J.L. Helberg); "Die bediening aan agtergeblewenes" (F.N. Lion-Cachet); "Die gebed as bediening" (E.J. Smit); "Profetiese bediening: die Woord en sy hoorders" (H.F. van Rooy) en "Die bediening aan lydendes" (J.L. Helberg). Sommige van hierdie voordragte is reeds gepubliseer (Van Rooy, 1994a; Helberg, 1994b en c). Met hierdie reeks bydraes is gepoog om die Ou Testament nader te bring aan die daaglikse gemeentelike bediening.

## 4.9 Ou-Testamentici uit die Gereformeerde Kerke en die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suider-Afrika

Die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suider-Afrika het in 1957 ontstaan. Sedert die begin van die OTWSA was persone uit die Gereformeerde Kerke lid daarvan en het hulle op 'n gereelde basis voordragte gelewer, waarvan 'n hele aantal in die publikasies van die OTWSA verskyn het. Aanvanklik is die lesings wat by die jaarlikse byeenkomste van die OTWSA gelewer is, in kongresbundels gepubliseer. In 1988 is 'n

begin gemaak met 'n eie tydskrif vir die vereniging – *Old Testament Essays* – waarvan H.F. van Rooy van die begin af die redakteur verantwoordelik vir resensies was. Hy is ook sedert 1992 sekretaris van die organisasie. Van die vroegste lede van die OTWSA was proff. J.H. Kroeze, S. du Toit en J.L. Helberg. In die publikasies van die vereniging kom van vroeg af die name van dié drie persone voor (vgl. Du Toit, 1959; Kroeze, 1961b; Helberg, 1959), terwyl E.J. Smit se naam in die bundel van die kongres van 1966 die eerste keer verskyn (Smit, 1966) en H.F. van Rooy s'n in die bundel van 1977/78 (Van Rooy, 1977/78).

Die bydraes van genoemde persone reflekteer iets van die normale akademiese proses en die eie belangstellings van die persone. Wat die normale akademiese proses betref, is sommige van die voordragte en die artikels wat daaruit voortgespruit het, gebou op die nagraadse studie van die betrokkenes: Helberg se referaat van 1959 hou byvoorbeeld verband met sy M.A.-verhandeling, Smit se 1969-referaat hou verband met 'n deel van sy proefskrif, terwyl die 1966-bydrae logies daarop voortbou. Van Rooy se 1977/78-bydrae vloei ook uit sy proefskrif voort.

Wat die belangstelling van persone betref, is sommige van die artikels van S. du Toit tekenend van sy belangstelling in voorvrae (bv. Du Toit, 1959, 1966, 1967), iets wat later op die voorgrond van die diskussie gekom het. Ander bydraes dui op sy belangstelling in historiese aangeleenthede (bv. Du Toit, 1963). Smit (1966, 1968, 1989a) is voorbeelde van 'n belangstelling in geskiedenis en die historiese boeke van die Ou Testament. Van Rooy (1981 en 1982/83) hou verband met 'n belangstelling in die verbond – 'n aspek wat ook in sy proefskrif na vore gekom het. Helberg (1988) hou verband met sy navorsing oor die land en die verhouding van die land tot die volk (vergelyk ook Helberg, 1990) en Helberg (1992) met 'n belangstelling in Openbaringsgeskiedenis.

In die werksaamhede van die OTWSA het die genoemde persone goed ingeskakel. Tog bly dit 'n klein hoeveelheid persone wat werklik aktief by die werksaamhede van die vereniging betrokke gebly het. Hierdie persone het wel hulle bydrae gelewer deur deel te neem aan die werksaamhede van die vereniging en deur voordragte te lewer oor sommige van die temas waarop verskillende kongresse gefokus het.

## 5. Samevattende slot en evaluering

In die voorafgaande bespreking is 'n oorsig gegee van die ontwikkeling van onderrig en navorsing op die terrein van die Ou-Testamentiese wetenskap in die kring van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Le Roux (1993) het in die titel van sy boek verwys na twee weë in die beoefening van die vakgebied wat sedert die stigting van die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika in die beoefening van die dissipline ontwikkel het. Die ontwikkeling van die twee weë word beskryf teen die agtergrond van die konserwatiewe en/of konfessionele benadering wat dit voorafgegaan het. Hierdie vroeëre benaderings illustreer Le Roux aan die hand van die werk van Verhoef en Eybers (Le Roux, 1993:16-26). Uit die bespreking is dit duidelik dat die bestudering van die Ou Testament in die GKSA oorwegend binne die konserwatiewe benadering gebly het. Die wyse van bestudering is baie sterk konfessioneel bepaal, met weinig aandag aan die sake wat uit die historiese kritiek voortgespruit het. Die weë van die historiese wetenskap en die immanente benadering het nie so inslag gevind dat dit 'n beslissende invloed uitgeoefen het nie. Tog kan die neiging bemerk word om meer refleksief na die eie benadering te kyk en in die jare wat kom, sal hieraan steeds meer aandag gegee moet word.

Die onderrig in die Ou Testament aan die Teologiese Skool het algaande meer tot sy reg gekom. Daar is in hierdie artikel nie aandag gegee aan die inhoud van wat onderrig is nie, maar uit die gepubliseerde navorsing kan met reg afgelei word dat die onderrig in dieselfde tradisie gestaan het. Daar is wel kennis geneem van wat in die kritiese wetenskap gebeur het, maar dit het nie 'n rigtinggewende invloed op die onderrig uitgeoefen nie. Die huidige vakindeling staan steeds sterk onder die invloed van die ensiklopedie van Kuyper waarin die belangrikste dissiplines wel aan die orde kom. Die opleiding aan die Teologiese Skool is gerig op predikantsopleiding en in daardie opsig is die onderrig steeds relevant. Oor jare is ook gepoog om die resultate van die navorsing relevant vir die Suid-Afrikaanse samelewing te maak, soos blyk uit die groot aantal populêre publikasies, asook wetenskaplike publikasies gerig op aktuele sake. Die bydrae ten opsigte van die vertaling van die Bybel in Afrikaans is ook hier van belang.

Wat die wyer relevansie betref, moet die betrokkenheid by die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap ook positief beoordeel word. Van die begin af was Gereformeerdes daarby betrokke en is daar oor die jare 'n hele aantal voordragte gelewer. In die jongste verlede was daar ook al hoe

meer 'n beweging na internasionale konferensies soos die International Organisation for the Study of the Old Testament en die Society of Biblical Literature (vergelyk byvoorbeeld Van Rooy, 1990, 1993a, 1993c en 1994b). Hierop sal beslis voortgebou moet word, sodat minstens die stemme van die hoofstroom van die Ou-Testamentiese wetenskap binne en buite Suid-Afrika gehoor word, al word dikwels daarvan verskil. Daar is steeds plek vir 'n eie aanpak, maar dan moet dit 'n eie aanpak van hoogstaande wetenskaplike gehalte wees. In hierdie proses sal daar steeds meer rekenskap van die eie vooronderstellings en metodes gegee moet word. Die Ou-Testamentiese wetenskap mag nie in akademiese isolasie beoefen word nie – en voortdurende kontak roep steeds tot verantwoording oor eie standpunte, vertrekpunte en metodologie.

## Bibliografie


BEKKER, I.L. 1983. Hebreeuse poësie, Job en Bybelvertaling. 'n Verkenning in die vertaling van stylfigure, besonderlik toegespits op die Elihu-redes (Job 32-37). Potchefstroom : PU vir CHO. (D.Litt.-proefskrif.)

BEKKER, I.L. 1986. 'n Vertaalkundige evaluering van die 1983-vertaling (Ou Testament). (*In* Van der Walt, J.J. *red.* In ons eie taal. Die waarde en gebruik van die 1933/53 en 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybel. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO M1.) Potchefstroom : PU vir CHO. p. 111-118.)

DE GRAAF, W. 1955. Een monument der Afscheiding. De Theologische Hogeschool van de Gereformeerde Kerken in Nederland 1854-1954. Kampen : Kok.

DU PLESSIS, S.J. 1950. Jesus en die kanon van die Ou Testament. Potchefstroom/Franeker : Wever.

DU TOIT, S. 1942. Bybelse en Babilonies-Assiriese spreuke. Johannesburg : Christelike Uitgewersmaatskappy.

DU TOIT, S. 1959. Relevant Principles in Connection with the Exegesis of the Old Testament Prophecies, with Special Reference to the Future of Israel. (*In* Die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika. Papers Read at the 2nd Meeting. Pretoria. p. 1-5.)

DU TOIT, S. 1963. The Psalms and History. (*In* Studies on the Psalms. Papers read at the 6th Meeting of Die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika. Potchefstroom : Pro Rege. p. 18-29.)

DU TOIT, S. 1966. Exegesis and Philosophy. (*In* Proceedings of the Ninth Meeting of Die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika. Pretoria. p. 62 -71.)

DU TOIT, S. 1967. World View and Exegesis. (*In* Old Testament Studies. Papers read at the Tenth Meeting of Die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika. Pretoria. p. 13-20.)

DU TOIT, S. 1969. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Vierde druk. Potchefstroom : Pro Rege.

DU TOIT, S. 1971. Ou Testament en Ou Ooste. ('n Bybels-argeologiese studie.) (Publikasiereeks 14 RGN.) Potchefstroom : Pro Rege.

ENSLIN, P.J.J.S. 1979. 'n Semasiologiese studie van die grondstam רשע in die Ou Testament. Potchefstroom : PU vir CHO. (D.Litt.-proefskrif.)

GKSA kyk
GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1866. Acta Sinode. Kaapstad : Saul Solomon.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1869. Acta Sinode. Kaapstad : Saul Solomon.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1916. Acta Sinode. GKSA.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1939. Acta Sinode. Potchefstroom : GKSA.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1942. Acta Sinode. Potchefstroom : GKSA.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1949. Acta Sinode. Potchefstroom : GKSA.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1961. Acta Sinode. Potchefstroom : GKSA.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1973. Acta Sinode. Potchefstroom : GKSA.

HELBERG, A.N. 1979. Die verhouding tussen Jahwe se soewereine aktiwiteit en die mens se werksaamheid in die roeping en prediking van die profete. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

HELBERG, J.L. 1959. A Communication on the Semasiological Meaning of Basar. (*In* Die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika. Papers Read at the 2nd Meeting. Pretoria. p. 23-28.)

HELBERG, J.L. 1965. Die val van Jerusalem en die dag van Jahwe. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

HELBERG, J.L. 1976. Ou-Testamentiese teologie in verleentheid? Potchefstroom : PU vir CHO.

HELBERG, J.L. 1981. Loof die Here! Die Psalms in Ou- en Nuwe-Testamentiese lig. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

HELBERG, J.L. 1983a. Die Here regeer. Openbaringslyn deur die Ou Testament. Tweede druk. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

HELBERG, J.L. 1983b. Verklaring en prediking van die Ou Testament. Potchefstroom : Potchefstroom Teologiese Publikasies.

HELBERG, J.L. 1984. Klaagliedere: ontnugtering en hoop. Potchefstroom : s.n.
HELBERG, J.L. 1986. Vertaling van die name van God. (*In* Van der Walt, J.J. *red.* In ons eie taal. Die waarde en gebruik van die 1933/53 en 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybel. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO M1.) Potchefstroom : PU vir CHO. p.157-164.)
HELBERG, J.L. 1988. Disillusionment on the Day of Yahweh with Special Reference to the Land (Amos 5). *Old Testament Essays,* 2:31-45.
HELBERG, J.L. 1989. Hoe benader en hanteer 'n Christenprediker die Ou Testament? *In die Skriflig,* 23:5-19.
HELBERG, J.L. 1990. Die verbondsvolk in sy verhouding tot die land. (Wetenskaplike publikasies van die PU vir CHO. A.76.) Potchefstroom : PU vir CHO.
HELBERG, J.L. 1992. Die betekenis van die Ou-Testamentiese teologie in die toekomstige Suid-Afrika. *Old Testament Essays,* 5:414-431.
HELBERG, J.L. 1993. Openbaringshistoriese aksente: owerheidstaak en godsdiens. *Koers,* 58:485-500.
HELBERG, J.L. 1994a. Die boek Daniël. Die heerskappy behoort aan God. (Skrifuitleg vir Bybelstudent en gemeente.). Kaapstad : N.G. Kerkuitgewers.
HELBERG, J.L. 1994b. Enkele Ou-Testamentiese perspektiewe en die betekenis daarvan vir die bediening in die gemeente. *In die Skriflig,* 28:613-626.
HELBERG, J.L. 1994c. Ou-Testamentiese perspektiewe op lyding. *In die Skriflig,* 28:463-476.
JORDAAN, G.J.C. 1986. Een Bybel, twee vertalings. (*In* Van der Walt, J.J. *red.* In ons eie taal. Die waarde en gebruik van die 1933/53 en 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybel. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO M1.) Potchefstroom : PU vir CHO. p. 81-88.)
KROEZE, J.H. 1937. Genesis veertien. Een exegetisch-historische studie. Hilversum : Schipper.
KROEZE, J.H. 1953. Die Hooglied vir die gemeente verklaar. Potchefstroom : Pro Rege.
KROEZE, J.H. 1961a. Het boek Job. (Commentaar op het Oude Testament.) Kampen : Kok.
KROEZE, J.H. 1961b. The Tyre-Passages in the Book of Ezekiel. (*In* Studies on the Book of Ezekiel. Papers Read at the 4th meeting of Die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika. Pretoria. p. 10-23.)
KROEZE, J.H. 1962. Strijd bij de schepping. (Exegetica 3/6.) Den Haag : Van Keulen.
KROEZE, J.H. 1968. Het boek Jozua. (Commentaar op het Oude Testament.) Kampen : Kok.

KROEZE, J.H. 1975. Die woorde van die Prediker. Johannesburg : Boekhandel De Jong.
KROEZE, J.H. 1978. Geveg met God. (Die boek Job.) Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
KUYPER, A. 1909. Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. Derde deel. Bijzonder deel. Tweede herziene druk. Kampen : Kok.
LE ROUX, J.H. 1993. A Story of Two Ways. Thirty Years of Old Testament Scholarship in South Africa. (Old Testament Essays Supplement Series 2.) Pretoria : Verba Vitae.
LION-CACHET, F.N. 1976. Die kontinuïteit van die Abrahamitiese verbond in die opset van die Sinaïtiese verbond. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif).
LION-CACHET, F.N. 1986. Openbaringshistoriese evaluering van die Afrikaanse vertalings van die Ou Testament. (*In* Van der Walt, J.J. *red.* In ons eie taal. Die waarde en gebruik van die 1933/53 en 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybel. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO M1.) Potchefstroom : PU vir CHO. p. 119-128.)
LION-CACHET, F.N. 1987. In die werkswinkel van die Ou-Testamentiese eksegese. Die verklaring van die Ou Testament in die praktyk. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO A.62.) Potchefstroom : PU vir CHO.
LION-CACHET, F.N. 1989a. Die prediking oor die historiese stof van die Ou Testament. *In die Skriflig,* 23:20-34.
LION-CACHET, F.N. 1989b. So het dit begin. Gods boodskap in die raamwerk van die historiese boeke van die Ou Testament. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO C7.) Potchefstroom : PU vir CHO.
LION-CACHET, F.N. 1990. Die eerste boeke van die Ou Verbond. Kanoniek van die Torah/Pentateug. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO A75.) Potchefstroom : PU vir CHO.
LION-CACHET, F.N. 1993. So sê die Here. Besondere Kanoniek van die Latere Profete. (Diktaat D77/93.). Potchefstroom : PU vir CHO.
LION-CACHET, F.N. 1994. Die begronding van geregtigheid. 'n Perspektief op die wettebundels van die Pentateug. *In die Skriflig,* 28:247-259.
NEL, H.W. 1991a. And Who is David? *Journal for Semitics,* 3:144-155.
NEL, H.W. 1991b. Die kronis se uitbeelding van die teokrasie in 1 en 2 Kronieke. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika. (D. Litt. et Phil.-proefskrif).
NEL, H.W. 1992. Die kronis se perspektief van God in 1 en 2 Kronieke. *Journal for Semitics,* 4:98-113.
NEL, H.W. 1994. The Davidic Covenant in 1 and 2 Chronicles: A New Theme for an Old Song. *In die Skriflig,* 28:429-444.

POSTMA, J. 1986. Tipering van verskillende vertaalmetodes. (*In* Van der Walt, J.J. *red.* In ons eie taal. Die waarde en gebruik van die 1933/53 en 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybel. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO M1.) Potchefstroom : PU vir CHO. p. 51-60.)

SMIT, E.J. 1965. Die ondergang van die Ryk van Juda. Groningen : V.R.B. Kleine.

SMIT, E.J. 1966. Death and Burial Formulas in Kings and Chronicles relating to the Kings of Judah. (*In* Proceedings of the Ninth Meeting of Die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika. Pretoria. p. 173-177.)

SMIT, E.J. 1968. The Relation between the Texts of 2 Kings 25 and Jeremiah. (*In* Old Testament Studies. Papers read at Eleventh Meeting of Die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika. Potchefstroom : Pro Rege. p. 77-81.)

SMIT, E.J. 1969. Jer. 52:28-30: A Chronological Crux? (*In* Proceedings of the Twelfth Meeting of Die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika. Potchefstroom : Pro Rege. p. 111-121.)

SMIT, E.J. 1986. Vertalers uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. (*In* Van der Walt, J.J. *red.* In ons eie taal. Die waarde en gebruik van die 1933/53 en 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybel. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO M1.) Potchefstroom : PU vir CHO. p. 1-18.)

SMIT, E.J. 1989a. The Philistines in the Eighth Century B.C. *Old Testament Essays,* 2:61-71.

SMIT, E.J. 1989b. Prediking oor die poëtiese stof van die Ou Testament – die Psalms. *In die Skriflig,* 23:35-52.

SMIT, E.J. 1990. The Saqqara Letter: Historical Implications. *Journal for Semitics,* 2:57-71.

SNYMAN, G.F. 1990. Fictionality and the Writing of History in 1 Chronicles 13. *Old Testament Essays,* 3:171-190.

SNYMAN, G.F. 1991a. Bedreiging en verlossing in 2 Konings 6:24-7:20. 'n Literêr-historiese benadering. *In die Skriflig,* 25:265-283.

SNYMAN, G.F. 1991b. Biblical Hermeneutics and Reception Theory: the Authority of Biblical Texts and the Chronicler's Interpretation of the Sacred Story of the Ark. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika. (D.Th.-proefskrif.)

SNYMAN, G.F. 1992a. Binnegevegte in die GKSA: 'n verskuiwing van 'plausibility structures'? *In die Skriflig,* 26:351-367.

SNYMAN, G.F. 1992b. Kenteoretiese besinning oor teologiebeoefening aan die Teologiese Skool van Potchefstroom die afgelope twintig jaar. *In die Skriflig,* 26:247-266.

SNYMAN, P.C. 1913. De profetie van Zefanja. Rotterdam : De Vries.

SWANEPOEL, J. 1986a. Hoe (kan) 'n vertaling met die oorspronklike ooreenkom? (*In* Van der Walt, J.J. *red.* In ons eie taal. Die waarde en gebruik van die 1933/53 en 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybel. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO M1.) Potchefstroom : PU vir CHO. p. 25-50.)

SWANEPOEL, J. 1986b. Die vertaalproses. (*In* Van der Walt, J.J. *red.* In ons eie taal. Die waarde en gebruik van die 1933/53 en 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybel. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO M1.) Potchefstroom : PU vir CHO. p. 19-34.)

THEOLOGISCHE HOGESCHOOL DER GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1954. Sola gratia. Schets van de geshiedenis en de werkzaamheid van de Theologische Hogeschool der Gereformeerde Kerken in Nederland 1854-1954. Kampen : Kok.

VAN DER VYVER, G.C.P. 1969. My erfenis is vir my mooi. Potchefstroom : Kalvyn Jubileum Boekefonds.

VAN ROOY, H.F. 1977. 'n Vergelyking van die struktuur van die Buite-Bybelse staatsverdrae – met besondere aandag aan die Sefire-verdrae – met die struktuur van Deuteronomium. Potchefstroom : PU vir CHO. (D.Litt.-proefskrif.)

VAN ROOY, H.F. 1977/78. Structural Analysis and Exegesis. (*In* OTWSA 20 (1977) and OTWSA 21 (1978). Pretoria. p. 162-180.)

VAN ROOY, H.F. 1981. ברית in Jeremiah 11. (*In* OTWSA 24 (1981). Papers read at the 24th Meeting of Die Ou Testamentiese-Werkgemeenskap in Suid-Afrika. Pretoria. p. 93-102.)

VAN ROOY, H.F. 1982/83. ברית in Daniel. (*In* OTWSA 25 (1982) and OTWSA 26 (1983). The Exilic Period. Aspects of Apocalypticism. Pretoria. p. 163-174.)

VAN ROOY, H.F. 1986a . Die betekenis van die 1933/53-vertaling. (*In* Van der Walt, J.J. *red.* In ons eie taal. Die waarde en gebruik van die 1933/53 en 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybel. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO M1.) Potchefstroom : PU vir CHO. p. 61-70.)

VAN ROOY, H.F. 1986b. Die vertaling van stylfigure in die 1983-vertaling. (*In* Van der Walt, J.J. *red.* In ons eie taal. Die waarde en gebruik van die 1933/53 en 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybel. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO M1.) Potchefstroom : PU vir CHO. p. 89-96.)

VAN ROOY, H.F. 1988a. Deuteronomy 28,69 – Superscript or Subscript? *Journal of Northwest Semitic Languages,* 14:215-222.

VAN ROOY, H.F. 1988b. Eschatology and Audience. The Eschatology of Haggai. *Old Testament Essays,* 1(1):49-63.

VAN ROOY, H.F. 1989a. Prediking oor die profetiese stof van die Ou Testament. *In die Skriflig,* 23:62-74.

VAN ROOY, H.F. 1989b. The Structure of the Aramaic Treaties from Sefire. *Journal for Semitics,* 1:133-139.

VAN ROOY, H.F. 1990. Ezekiel's Prophecies against Egypt and the Babylonian Exiles. (*In* World Union of Jewish Studies. Proceedings of the Tenth World Congress of Jewish Studies. Division A. The Bible and Its World. Jerusalem. p. 115-122.)

VAN ROOY, H.F. 1991. Riglyne vir die prediking oor wysheidsliteratuur, toegespits op die boek Spreuke. *In die Skriflig*, 25:303-321.

VAN ROOY, H.F. 1992. Geskiedenis en gesigshoek met besondere verwysing na die rol van profete in Kronieke. *In die Skriflig*, 27:261-277.

VAN ROOY, H.F. 1993a. The Hebrew and Syriac Versions of Psalm 154. *Journal for Semitics*, 5:97-109.

VAN ROOY, H.F. 1993b. The Names Israel Ephraim and Jacob in the Book of Hosea. *Old Testament Essays*, 6:135-149.

VAN ROOY, H.F. 1993c. Psalm 155: One, Two or Three Texts? *Revue de Qumran*, 16(61):109-122.

VAN ROOY, H.F. 1994a. Profetiese bediening: die Woord en sy hoorders. *In die Skriflig*, 28:543-556.

VAN ROOY, H.F. 1994b. Prophet and Society in the Persian Period according to Chronicles. (*In* Eskenazi, T.C. & Richards, K.H. *eds*. Second Temple Studies 2. Temple and Society in the Persian Period. Sheffield : JSOT Press. (Journal for the Study of the Old Testament Supplement Series 175.) p. 163-179.)

VAN ROOY, H.F. 1994c. Die wisselwerking tussen profeet en gehoor in die boek Esegiël. *In die Skriflig*, 28:235-246.